

Dorian Haarhoff: *The Wild South West. Frontier myths and metaphors in literature set in Namibia. 1760-1988.* Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1991, 262 pp. Geïll. R50.55. ISBN 868141187.

CONTREE 31/1992

Die skrywer is 'n lektor in Engels aan die Universiteit van Namibië en 'n bekende digter en dramaturg. Sy boek *'The Wild South West ..., 1760-1988* is 'n verkorte en ietwat verwerkte weergawe van sy doktorsstudie: *'Works of Piety, Works of History: Frontier Myths in Literature set in Namibia (1760-1985): Centre for Southern African Studies, Universiteit van York, September 1987.*

In hierdie werk wil die outeur die opgestelde mites of oorleweringe oor Namibië aantoon. Die metode wat benut word om dit te vermag, is om sg. letterkundige werke teen die agtergrond van geselekteerde fasette van die Namibiese verlede te evalueer. Dit bring mee dat die werk nie vanuit 'n historiese perspektief benader word nie, maar dat filosofiese en letterkundige maatstawwe aangewend word ter beoordeling van Namibië se verlede. Die klem word in hierdie studie sterk geplaas op die identifikasie van sosiale en ekonomiese determinante as fasette van verandering in die verlede van Namibië. Die hoofstukindeling mag moontlik, vanweë hul polities-chronologiese indeling, die idee laat posvat dat hier 'n studie van die ongetemde en ongerepte verlede van Suidwes-Afrika (Namibië) is. Die subtitel dui egter die ware inhoud meer korrek aan insoverre hierdie 'n ondersoek is na grensmite en metafore van sg. letterkundige werke oor Namibië in die tydperk soos hierbo aangedui. Die fokus wat geplaas word op die ontleding van perspies wat in grensgebiede in die gedagtes van mense ontstaan (p.13), plaas die studie grootliks buite die studieterrrein van die streekshistorikus. In dié verband lewer die werk nie 'n wesenlike bydrae tot die verheldering van die streeksgeskiedenis van Namibië nie.

Ondersoek word ingestel na twee (soms uiteenlopende) persepsies van die land. Alhoewel daar aanvanklik nie presiese duidelikheid is wat die fokus van die studie is nie (vergelyk ietwat uiteenlopende doelwitstellings pp. 2, 9 en 13) blyk dit later dat die kern 'n studie behels van hoe sekere stereotipe beelde van Namibië deur blankes opgebou is. Daar word gepoog om aan te toon hoe hierdie sienings en persepsies as't ware tot mites gemaak is. Van die blanke individue en groepe wat die land sedert 1760 inbeweeg het (ontdekkingsreisigers, jagters en handelaars, pp. 56-60), het meegehelp om in hul skrywes sekere mites oor Namibië te laat posvat. Haarhoff se betoog is dat bg. blankes in hulle skrywes (reisjoernale, dagboeke e.d.m.) grootliks wanvoorstellings van Namibië daargestel het aangesien die inheemse groepe slegs as kuriositeite (objekte) genoem word en periferaal word in hul eie land. Op dié wyse word 'n blanksentriese beeld van Namibië na buite geprojekteer.

Ongeveer vyftig letterkundige tekste is ontleed waaruit die gevolgtrekking gemaak word dat die meeste blankes wat die afgelope twee honderd jaar oor Namibië geskryf het grensmite in Namibië ingedra het. Hierdie bronne, waarvan baie sekondêre tekste is, en sommige slegs Engelse vertalings van Duitse en Afrikaanse skrywes, dui op 'n ietwat vooropgestelde seleksie met die doel om die tema van grensmite te versterk. Dikwels word dilettante Afrikaanse letterkundige werke benut om dié standpunt te staaf en primêre historiese getuieis ter syde gestel. Die

benutting van populêre werke om sekere sosiale en ekonomiese tendense uit Namibië se verlede te bepaal, lei tot die skepping van 'n ooreenvoudige beeld, wat ook tot 'n eensydige visie oor die land se verlede aanleiding gee.

Haarhoff maak die fout deur te aanvaar dat 'n mite iets is wat nie waar kan wees nie. Hy kan nie die persepsies van blankes met primêre inheemse dokumentasie weerlê nie (pp. 43-48) weens die afwesigheid van die tipe bewyse. Daarom gebruik hy kontemporêre idees i.v.m. aspekte soos die topografie, die leefwyse van die inheemse groepe, menseverhoudinge, e.d.m. om by wyse van 'n terugprojektering aan te toon dat die blankes draers van Eurosentryse mites was wat meestal strydig was met die "werklike" leefpatrone van die inheemse groepe. Hierdie is 'n ernstige metodologiese fout aangesien die sg. regstellende visie aan die hand van dokumentasie moet geskied wat tydens die gebeure opgestel is.

Sentrale temas waarna verwys word om die Eurosentryse gedagtestroom uit te lig is die volgende: Victoriaanse "letterkundige" werke (pp. 30-60) wat geskryf was met die doel om die Britse leser te voorsien van eksotiese stories oor 'n ongetemde en ongerepte land. In kontras hiermee staan die Duitse koloniale letterkunde (pp. 61-89) wat gepoog het om die Duitse besetting van Namibië in 1884 polities te onderskraag en die proses van verduitsing te bevorder.

Die volgende tema is dié waarin Suid-Afrikaanse fiksie figureer. Die doel met die werke is drieledig. Eerstens word hul aangewend om Suid-Afrikaanse militêre en politieke beheer na 1915 noord van die Oranjerivier te bevestig. Tweedens word dit aangewend om die verhouding tussen die Unie en sy kolonie (grensgebied) uit te beeld en dertens word in die fiksie gepoog om die Duitsers van Namibië te diskrediteer om legitimiteit aan die Unie se inname te verleen.

Werke met 'n letterkundige inslag wat na 1920 die lig gesien het (sg. mandaat letterkunde) word ook ondersoek. Die gevolgtrekking is dat die werke hoofsaaklik poog om Suid-Afrikaanse en Namibiese eenheid te versterk. Die verkryging van Namibië word deur die Suid-Afrikaanse skrywers (pp. 90-115) uitgebeeld as die verkryging van grondgebied wat 'n normale verlengstuk van Suid-Afrika is.

Volgens Haarhoff word die Afrikaanse letterkunde oor Namibië voor 1975 sterk oorheers deur beelde van trekkerideale. Hy konsentreer hier veral op die werke oor die Dorslandtrekke en is van mening dat die "mites" van die Groot Trek op die wyse in Namibië ingedra word. Ongelukkig egter, soos in die inleiding (pp. 1-6), is daar nie 'n duidelike omlýning van wat 'n historiese mite is nie, en aangesien daar hier met persepsies gewerk word (p.13) is die onderskeid tussen mite en werklike belewenis vaag. In die ontspanningslektuur van skrywers soos Doc Immelman, W.A. de Klerk e.a. (pp. 153-167) oor Namibië lees Haarhoff dit as 'n poging om die Afrikaner se sg. laager mentaliteit in die land in te dra. In hierdie proses

word daar leemtes in die werke opgemerk aangesien hulle nie belangrike historiese gebeurtenisse aanstip nie. Dié leemtes is die gewapende stryd van SWAPO, die terrorisieverhoor, die stakings van Owambowerkers en die verval van die Portugese kolonie, Angola (pp. 170-171). Deur hierdie temas nie te behandel nie word daar 'n beeld van Namibië geperpetueer waarin die inheemse groepe se geskiedenis nie ondervang word nie.

In die letterkundige werke wat tussen 1975 en 1988 oor Namibië geskryf is, sien die skrywer vir die eerste keer 'n kritiese ingesteldheid en 'n bewuswording dat daar gelet moet word op die inheemse groepe se belewenisse. Die ontwikkeling van sg. grensliteratuur is 'n bewuswording van letterkundiges soos Etienne van Heerden en Elsa Joubert dat die "werklike" situasie aan die Namibiese grens geskets moet word (pp. 198-200). Hierdie werke word opgevolg deur die van J.M. Coetzee en Nadine Gordimer wat beskou word as 'n paradigmatische breuk met enige vorige Afrikaanse letterkunde oor Namibië insoverre dit vir die eerste keer werklik inheemse temas verwoord en as letterkundige dekolonisasie getipeer kan word.

Volledigheidshalwe word inheemse letterkundige werke behandel (pp. 224-235). Dié werke beskou Haarhoff as die begin van 'n "alternatiewe historiografie" (p. 234) ten spyte daarvan dat die temas wat aangespreek word meestal reaktief is en die bedoeling het om SWAPO se stryd te regverdig.

Dié werk sny moeilike temas soos historiese mites, veranderende grensmetafore e.d.m. aan. Dit is 'n werk wat moontlik deur filosowe en letterkundiges eerder as historici benut kan word.

E.R. Coetzee

R.A.U.